

Riglyne vir onderrig

Herinner die leerders daaraan dat die verwerwing en ontwikkeling van taalvaardighede meer doeltreffend plaasvind as dit op 'n geïntegreerde wyse geskied. Dit is dan ook die rede waarom daar gereeld taal-in-konteks-oefeninge in hierdie handboek is. Maak seker die leerders verstaan dat hierdie opdragte op teks 1 gebaseer is.

Antwoorde

1. Alliterasie: viervoetige vriend/poot vir poot
Laat die leerders die betrokke letters onderstreep wanneer daar gevra word om alliterasie of assonansie aan te dui.
2. Die skrywer is effens sarkasties. Vir die drawwer kan dit dalk 'n kort afstand wees, maar vir die hond kan die "stappie" in 'n lang martelsessie verander, omdat hy nie fiks genoeg is nie.

3. Na die dubbelpunt volg 'n verduideliking van die woorde vóór die dubbelpunt: Die rede hoekom dit belangrik is om die grondoppervlak versigtig te kies, is dat dit jou hond se pote kan seermaak.
4. In die laaste paragraaf verwys Woef na 'n hond se naam. In paragraaf 6 verwys dit na 'n hond: "ken jou hond se grense".

Aktiwiteit 5: Vat saam

LB bladsy 89

Riglyne vir onderrig

Verduidelik aan leerders dat hierdie aktiwiteit hul vermoë toets om die kerngedagte van 'n teks bondig op te som. Verduidelik ook dat hulle altyd die getal woorde aan die einde van die opsomming tussen hakies moet aandui. Sê dat wanneer 'n spesifieke aantal woorde gevra word en hulle bv. 10 of 20 woorde minder skryf, dit beteken dat belangrike inligting uitgelaat is. Hulle moet egter nooit meer as die gevraagde aantal woorde skryf nie.

Antwoord

Moontlike antwoord: Moenie met ou honde hardloop nie. Begin stadig om klein entjies met jou hond te hardloop. Dra altyd water saam en moenie op té warm dae hardloop nie. Hou jou hond aan 'n leiband. Leer jou hond ken sodat jy kan sien wanneer hy moeg is. Hardloop op sagte grond. (52 woorde)